



BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Dinsdag, 29 Augustus 1939. WINDHOEK Tuesday, 29th August, 1939. No. 807

INHOUD.

CONTENTS.

| | <i>Bladsy.</i> | | <i>Page.</i> |
|----------------------------------------------------------|----------------|-----------------------------------------------------|--------------|
| Proklamasie — | | Proclamation — | |
| No. 37. Registrasie van Aktes Proklamasie 1939 | 2129 | No. 37. Deeds Registry Proclamation, 1939 | 2129 |
| Goewermentskennisgewing — | | Government Notice — | |
| No. 151. Registrasiekantoor Regulasies | 2155 | No. 151. Deeds Registry Regulations | 2155 |

PROKLAMASIE

VAN SY EDELE DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 37 van 1939.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet in die Gebied betreffende die registrasie van aktes te konsolideer en te wysig teneinde die betreklike wetgewing van hierdie Gebied in ooreenstemming te bring met die Registrasies van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, en

NADEMAAL dit raadsaam geag word om dieselfde nommers van die artikels van bedoelde Wet, sover moontlik, in hierdie Proklamasie te hou;

SO IS DIT dat ek, op grond van en kragtens die bevoegdheede my verleen, hiermee proklameer, verklaar en as volg bekendmaak:—

HOOFSTUK I.**ADMINISTRASIE.**

1. (1) Daar bestaan 'n registrasiekantoor te Windhoek vir die Gebied.

(2) In die registrasiekantoor te Windhoek wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie bestaan, word alle aangeleenthede wat onmiddellik voor daardie inwerkingtreding in daardie registrasiekantoor aanhangig was, afgehandel asof hierdie Proklamasie nie ingevoer was nie, en die in sub-artikel (1) vermelde registrasiekantoor is 'n voortsetting van die registrasiekantoor wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie in die Gebied bestaan het.

2. (1) Die Administrateur stel, met inagneming van die bepalings van enige wet op die staatsdiens, 'n amptenaar, met die benaming van registrateur van aktes aan, wat aan die hoof staan van die registrasiekantoor te Windhoek.

(2) Die Administrateur kan, met inagneming van die bepalings van enige wet op die staatsdiens, 'n Assistent-registrateur van aktes aanstel, wat met inagneming van die regulasies, bevoeg is om alles te verrig wat kragtens hierdie Proklamasie of enige ander regsbeplanning wettig verrig kan word deur 'n registrateur van aktes.

(3) Die persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie die amp van registrateur van aktes te Windhoek beklee, word geag kragtens hierdie artikel aangestel te wees.

(4) Die registrateur wat kragtens hierdie artikel aangestel is of daarin vermeld word, word hieronder die registrateur genoem.

(5) Die registrateur het 'n ampseël wat geheg moet word aan alle deur hom ondertekende of geattesteerde aktes en aan alle deur hom uitgereikte kopieë van aktes wat bestem is om die oorspronklike aktes te vervang.

3. Die registrateur moet, met inagneming van die bepalings van hierdie Proklamasie:—

(a) alle stukke wat voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie tot die argief van die registrasiekantoor behoort het of wat na daardie inwerkingtreding daarin opgeneem word, onder sy hoede neem en bewaar;

(b) alle aktes of ander dokumente aan hom ter ondertekening of registrasie voorgelê ondersoek, en na gedane ondersoek so 'n akte of ander dokument afwys, as hierdie Proklamasie of 'n ander regsbeplanning sy ondertekening of registrasie nie veroorloof nie of as daar 'n ander geldige beswaar teen sy ondertekening of registrasie bestaan;

PROCLAMATION

By HIS HONOUR DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 37 of 1939.]

WHEREAS it is desirable to consolidate and amend the law in the Territory, relating to the registration of deeds, in order to bring the relative legislation of this Territory into line with the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937), of the Parliament of the Union of South Africa, and

WHEREAS it is considered advisable to retain the numbering of the sections of the said Act, as far as possible, in this Proclamation;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

CHAPTER I.**ADMINISTRATION.**

1. (1) There shall be a deeds registry at WINDHOEK to serve the Territory.

(2) In the deeds registry at Windhoek existing at the commencement of this Proclamation there shall be carried out to completion as if this Proclamation had not been passed all matters which immediately prior to such commencement were pending in that registry and the registry mentioned in sub-section (1) shall be a continuation of the deeds registry existing at the commencement of this Proclamation in the Territory.

2. (1) Subject to the provisions of any law relating to the public service, the Administrator shall, appoint an officer to be styled the registrar of deeds who shall be in charge of the deeds registry at Windhoek.

(2) The Administrator may, subject to the provisions of any law relating to the public service, appoint an assistant registrar of deeds, who shall have the power, subject to regulations, to do any act or thing which may lawfully be done under this Proclamation or any other law by a registrar of deeds.

(3) The person holding at the commencement of this Proclamation the office of registrar of deeds at Windhoek, shall be deemed to have been appointed under this section.

(4) The registrar appointed under or referred to in this section is hereinafter referred to as the registrar.

(5) The registrar shall have a seal of office which shall be affixed to all deeds executed or attested by him and to all copies of deeds issued by him to serve in lieu of the original deeds.

3. The registrar shall subject to the provisions of this Proclamation:—

(a) take charge of and preserve all records which were prior to the commencement of this Proclamation or may become after such commencement records of the deeds registry;

(b) examine all deeds or other documents submitted to him for execution or registration, and after examination reject any such deed or other document the execution or registration of which is not permitted by this Proclamation or by any other law, or to the execution or registration of which any other valid objection exists;

- (c) alle grond- of pagbriewe wettig deur die Regering uitgereik, registreer;
- (d) aktes van transport van grond attesteer of onderteken en registreer, en titelsertifikate van grond onderteken en registreer;
- (e) verbandaktes attesteer en registreer;
- (f) sessies (met inbegrip van sessies as sekuriteit gedaan) van geregistreerde verbande registreer, en rojerings van sodanige sessies, indien as sekuriteit gedaan, registreer;
- (g) rojerings van geregistreerde verbande, gedeeltelike afbetaling van die hoofsom kragtens so 'n verband verskuldig, vrystelling van 'n deel van die daarmee beswaarde goed, of van al daardie goed as die skuld verder verseker is deur 'n bykomende verband, vrystelling van 'n medeskuldendar of 'n borg ten opsigte van so 'n verband, en die vervanging van 'n skuldenaar ten aansien van so 'n verband deur 'n ander persoon, registreer;
- (h) afstand van voorrang ten aansien van geregistreerde verbande, ten gunste van ander verbande, hetsy hul reeds geregistreer is of op die punt staan om geregistreer te word, registreer;
- (i) afstand van voorrang ten aansien van geregistreerde saaklike regte op grond ten gunste van verbande, hetsy hul reeds geregistreer is of op die punt staan om geregistreer te word, registreer;
- (j) notariële verbande en rojerings en sessies daarvan (met inbegrip van sessies as sekuriteit gedaan), en rojerings van sulke sessies, indien as sekuriteit gedaan, registreer;
- (k) huweliksvoorwaardes registreer, en notariële skenkingsaktes (met inbegrip van aktes wat betrekking het op toevertroude skenkings) en ander notariële aktes registreer wat betrekking het op persone en goedere binne die Gebied en wat regtens geregistreer moet of mag word;
- (l) toekennings- of pagbriewe van regte op minerale wettig deur die Regering uitgereik, registreer, en aktes van omsetting van myngebiede wat wettiglik deur die Inspekteur van Myne uitgereik is, registreer;
- (m) notariële verpagting of onderverpagting van regte op minerale, notariële sessies van sodanige geregistreerde verpagtings of onderverpagtings, notariële rojerings van sodanige verpagtings of onderverpagtings, registreer;
- (n) transportaktes van myngebiede attesteer of onderteken en registreer en titelsertifikate van myngebiede registreer;
- (o) alle persoonlike of grondserwitute registreer en die wysiging of opheffing van geregistreerde serwitute aanteken;
- (p) notariële huurkontrakte, onderverhurings en sessies van huurkontrakte of onderverhurings van grond, en rojerings van sodanige huurkontrakte en onderverhurings, registreer;
- (q) die rojering van enige titel van 'n myngebied of pagbrief van of regte op minerale wat wettiglik verbeurd verklaar of opgegee is ingevolge die bepalings van enige mynwet in die Gebied van krag, registreer;
- (r) saaklike regte wat nie uitdruklik in hierdie artikel genoem word nie, en die oordrag, wysiging of opheffing van sulke geregistreerde regte, registreer;
- (s) op 'n geregistreerde verband 'n ooreenkoms registreer, wat die verbandskuldenaar en die geregistreerde verbandhouer aangegaan het, waardeur voorwaardes van die verband gewysig word;
- (t) algemene planne van erwe of onderdele van grond registreer, registers van die erwe of onderdele van grond op daardie algemene planne aangetoon, open, en in daardie registers die voorwaardes waaronder die erwe of onderdele aangelê of tot stand gebring is, opteken;
- (u) prokurasies registreer, waarin die lashebers daarin genoem gemagtig word om oor die algemeen namens hul lasgewers te handel of om 'n reeks dade of regshandlings te verrig wat in die registrasiekantoor registreerbaar is;
- (v) sodanige aantekeninge maak op geregistreerde aktes of ander dokumente in verband met die registrasie van aktes of ander dokumente, of ter voldoening aan die voorskrifte van een of ander wet, as wat nodig mag wees om aan daardie registrasie of aan die bedoeling van daardie wet gevolg te gee;
- (c) register grants or leases of land lawfully issued by the Government;
- (d) attest or execute and register deeds of transfer of land, and execute and register certificates of title to land;
- (e) attest and register mortgage bonds;
- (f) register cessions (including cessions made as security) of registered mortgage bonds, and register cancellations of such cessions if made as security;
- (g) register cancellations of registered mortgage bonds, part payments of the capital amount due in respect of any such bond, releases of any part of the property hypothecated thereby, or of all such property if the debt is further secured by a collateral bond, releases of any joint debtor or of any surety in respect of any such bond, and the substitution of another person for a debtor in respect of any such bond;
- (h) register waivers of preference in respect of registered bonds in favour of other bonds, whether registered or about to be registered;
- (i) register waivers of preference in respect of registered real rights in land, in favour of mortgage bonds, whether registered or about to be registered;
- (j) register notarial bonds, and cancellations and cessions thereof (including cessions made as security) and cancellations of such cessions if made as security;
- (k) register ante-nuptial contracts, and register such notarial deeds of donation (including a donation to be held in trust), and such other notarial deeds having reference to persons and property within the Territory as are required or permitted by law to be registered;
- (l) register grants or leases lawfully issued by the Government of rights to minerals, and register deeds of conversion of mining areas lawfully issued by the Inspector of Mines;
- (m) register notarial leases or sub-leases of rights to minerals, notarial cessions of such registered leases or sub-leases, and notarial cancellations of such leases or sub-leases;
- (n) attest or execute and register deeds of transfer of mining areas and register certificates of title to mining areas;
- (o) register any servitude, whether personal or praedial, and record the modification or extinction of any registered servitude;
- (p) register notarial leases, sub-leases, and cessions of leases or of sub-leases, of land, and cancellations of such leases and sub-leases;
- (q) register the cancellation of any title to a mining area or lease of or rights to minerals lawfully declared forfeited or abandoned under the provisions of any mining law in force in the Territory;
- (r) register any real right, not specifically referred to in this section, and any cession, modification or extinction of any such registered right;
- (s) register against any registered bond any agreement entered into by the mortgagor and the registered holder of that bond, whereby any terms of that bond have been varied;
- (t) register general plans of erven or of sub-divisions of land, open registers of the erven or sub-divisions of land shown on such general plans, and record in such registers the conditions upon which the erven or sub-divisions have been laid out or established;
- (u) register powers of attorney whereby the agents named therein are authorized to act generally for the principals granting such powers, or to carry out a series of acts or transactions registrable in the deeds registry;
- (v) make, in connection with the registration of any deed or other document, or in compliance with the requirements of any law, such endorsements on any registered deed or other document as may be necessary to give effect to such registration or to the objects of such law;

- (w) aantekening hou van elke kennisgewing, opgaaf, staat of order van 'n hof wat volgens een of ander regsbe-paling by hom ingedien is;
- (x) 'n inskrywing, hetsy voor of na die inwerking-treding van hierdie Proklamasie ingevolge die deurstuur na hom van 'n kennisgewing van likwidasie of van 'n likwidasie- of sekwestrasieorder, of ingevolge die in-lewering by hom deur die Meester van 'n opgaaf onder artikel vyf-en-twintig van die Boedelwet, 1913, soos op die Gebied toegepas deur "De Betere Rechtsbe-deling Proklamatie 1921" (Proklamasie No. 52 van 1921), in sy oorkondes gedoen na kennisgewing aan die Meester en na verloop van vyf jaar vanaf die datum van die inskrywing in bedoelde oorkondes, daar-uit verwyder;
- (y) die registers hou wat ingevolge hierdie Proklamasie of enige ander wet voorgeskryf is en die inskrywings daarin doen wat nodig is om aan die bepalings van hierdie Proklamasie of daardie ander wet gevolg te gee en om 'n doeltreffende registrasie-stelsel in stand te hou, wat strek tot regsekerheid en wat die naslaan van 'n geregistreerde akte vergemaklik;

en oor die algemeen moet die registrateur alle werksaam-hede verrig wat regtens deur die registrateur van aktes ver-rig mag of moet word of wat nodig is om gevolg te gee aan die bepalings van hierdie Proklamasie.

4. (1) Die registrateur is bevoeg om—

- (a) lewering van bewys te vorder, deur 'n beëdigde ver-klaring of andersins, van enige feit wat bewys moet word in verband met enige aangeleentheid of saak waarvan die verrigting of uitvoering in die registrasie-kantoor verlang word;
- (b) wanneer dit volgens sy oordeel nodig of wenslik is om in 'n akte of ander dokument wat in die regi-strasiekantoor geregistreer is, of bewaar word, 'n fout te verbeter omtrent die naam of beskrywing van 'n persoon of van eiendom daarin vermeld, die fout te verbeter: Met dien verstande dat —
- (i) elkeen wat uit die akte of ander dokument blyk by die verbetering belang te hê, skriftelik daarin toegestem het;
- (ii) as so iemand weier om in die verbetering toe te stem, die verbetering aangebring kan word, op magtiging van 'n bevel van die hof;
- (iii) as die fout voorkom in twee of meer aktes of ander dokumente (met inbegrip van 'n register in die registrasiekantoor), die fout in al daardie aktes of ander dokumente verbeter word;
- (iv) so 'n verbetering nie aangebring word nie as dit die oordrag van 'n reg ten gevolge sou hê;
- (v) as die verbeterde fout in 'n notariële akte voor-gekom het, die registrateur moet eis, dat van die verbetering kennis gegee word aan die be-trokke notaris of, as hy oorlede is of nie meer praktiseer nie, aan die persoon wat sy protokol in wettige bewaring het;
- (c) op voorwaardes deur regulasie vasgestel, gesertifiseerde kopieë van aktes of ander dokumente wat in die registrasiekantoor geregistreer is of bewaar word, uit te reik;
- (d) as 'n akte of ander dokument wat aan hom voorge-lê word, volgens sy mening onleesbaar of onbruikbaar geword het, te eis dat 'n gesertifiseerde kopie daarvan verkry word om dit te vervang.

(2) Die registrateur moet by 'n geskil alle werk-saambede van 'n taksasie-amptenaar van 'n hof verrig met betrekking tot fooie deur transportbesorgers en notarisse bereken vir die verrigting van handelings wat kragtens hierdie Proklamasie deur transportbesorgers of notarisse verrig moet of mag word in verband met aktes wat in die registrasiekantoor onderteken, geregistreer of bewaar word, of wat bedoel is om daarin onderteken, geregistreer of bewaar te word of met betrekking tot fooie deur ander regspraktisyns bereken ten aansien van 'n voorbereidende werk wat in verband met so 'n akte nodig is.

6. Behalwe vir sover hierdie Proklamasie of 'n ander wet anders bepaal, mag die registrateur 'n geregistreerde grondbrief, transportakte, titelsertifikaat of ander akte wat 'n eiendomsreg op grond of 'n ander saaklike reg op grond as 'n verband, verleen of oordra, en 'n sessie van 'n geregis-treerde verband nie as sekuriteit gedaan nie, alleen maar op las van die hof rojeer.

- (w) record all notices, returns, statements, or orders of court lodged with him in terms of any law;
- (x) remove from his records after notice to the Master and after the lapse of five years from the date of entry in such records, any entry made therein, whether before or after the commencement of this Proclamation, in pursuance of the transmission to him of a notice of liquidation or an order of liquidation or sequestration or in pursuance of the lodging with him by the Master of a return under section twenty-five of the Administration of Estates Act, 1913; as applied to the Territory by the Better Administration of Justice Proclamation, 1921 (Proclamation No. 52 of 1921);
- (y) keep the registers prescribed under this Proclamation and any other law, and make such entries therein as are necessary for the purpose of carrying out the provisions of this Proclamation or such other law and of maintaining an efficient system of registration calculated to afford security of title and ready reference to any registered deed;

and generally the registrar shall discharge all such duties as by law may or are to be discharged by the registrar of deeds or as are necessary to give effect to the provisions of this Proclamation.

4. (1) The registrar shall have power —

- (a) to require the production of proof upon affidavit or otherwise of any fact necessary to be established in connection with any matter or thing sought to be performed or effected in the registry;
- (b) whenever it is in his opinion necessary or desirable to rectify in any deed or other document, registered or filed in the registry, an error in the name or the description of any person or property mentioned therein, to rectify the error: Provided that —
- (i) every person appearing from the deed or other document to be interested in the rectification, has consented thereto in writing;
- (ii) if any such person refuse to consent thereto the rectification may be made on the authority of an order of Court;
- (iii) if the error is common to two or more deeds or other documents, including any register in the registry, the error shall be rectified in all those deeds or other documents;
- (iv) no such rectification shall be made if it would have the effect of transferring any right;
- (v) if the error rectified occurred in a notarial deed the registrar shall require notice to be given of the rectification to the notary concerned or, if he is deceased or has ceased to practise, to the person having lawful custody of his protocol;
- (c) to issue, under conditions prescribed by regulation certified copies of deeds or other documents registered or filed in the registry;
- (d) if in his opinion any deed or other document submitted to him has become illegible or unserviceable, to require that a certified copy thereof be obtained to take its place.

(2) The registrar shall perform, in case of dispute, all the functions of a taxing officer of the court in relation to fees charged by conveyancers and notaries public for performing any acts which are required or permitted under this Proclamation to be performed by conveyancers or notaries public in connection with deeds executed, registered or filed or intended to be executed, registered or filed in the deeds registry or in relation to fees charged by other legal practitioners in connection with the preliminary work necessary for the purposes of any such deed.

6. Save as is otherwise provided in this Proclamation or in any other law no registered deed of grant, deed of transfer, certificate of title or other deed conferring or convey-ing title to land, or any real right in land other than a mortgage bond, and no cession of any registered bond not made as security, shall be cancelled by the registrar except upon an order of Court.

7. Die registrateur moet aan enigeen uit die publiek op voorgeskrewe voorwaardes en teen betaling van die voorgeskrewe fooie toestaan om die publieke registers en ander publieke stukke in die registrasiekantoor in te sien en kopieë van daardie stukke of uittreksels uit daardie registers te maak en sodanige ander gegewens omtrent aktes of ander dokumente, in die registrasiekantoor geregistreer of bewaar, te verkry, as wat voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie volgens gewoonte kon gemaak of verkry word: Met dien verstande dat geen sodanige fooi betaalbaar is ten opsigte van enige opsporing of insage in die registrasiekantoor:—

- (a) deur 'n transportbesorger of notaris in verband met 'n akte waarvan die opstelling, attestasie of indiening by die registrasiekantoor aan hom opgedra is; of
- (b) deur 'n landmeter in verband met 'n opmeting wat aan hom opgedra is; of
- (c) deur 'n balju of 'n geregsbode van 'n magistratuurshof of sy plaasvervanger in verband met die verrigting van sy werksaamhede as sodanig.

10. (1) Die Administrateur kan regulasies uitvaardig wat voorskryf:—

- (b) die ampsfooie (indien verskuldig) wat bereken word vir enige handeling, aangeleentheid of saak wat in of in verband met die registrasiekantoor verrig moet of mag word, met inbegryp van 'n verslag wat die registrateur aan die hof verstrek in verband met 'n applikasie of geding waarby hy nie 'n party is nie;
- (c) die fooie en kosteberekening van transportbesorgers en notarisse in verband met die opstel, passeer en registreer van aktes of ander dokumente wat in die registrasiekantoor geregistreer is of bewaar word of daarvoor bestem is, en die fooie en kosteberekening van ander regspraktisyns in verband met die voorlopige werk wat vir sulke aktes of ander dokumente nodig is, en die fooie en kosteberekening in verband met die taksasie van sodanige fooie en kosteberekening;
- (d) die wyse waarop en vorm waarin en die kwalifikasies van die persoon deur wie 'n akte of ander dokument wat in die registrasiekantoor ingedien, geregistreer of bewaar moet of mag word, opgestel, ingedien, onderteken, geregistreer, bewaar of oorhandig moet word;
- (e) die uitvoeringswyse en vorm van aantekeninge of inskrywings wat volgens voorskryf van hierdie Proklamasie of 'n ander wet op geregistreerde aktes of ander dokumente of in die registers gemaak moet word;
- (f) die besondere dokumente wat, wanneer hul in die registrasiekantoor voorgelê word, geattesteer of deur getuie mede-onderteken moet wees en die wyse waarop so 'n dokument geattesteer of deur getuie mede-onderteken moet word;
- (g) die distrikte of ander gebiede binne die Gebied wat aangewend moet word by die nommer van plase of ander stukke grond daarin geleë;
- (h) die metode volgens welke plase en ander stukke grond in so 'n distrik of ander gebied genummer moet word;
- (i) die wyse waarop en vorm waarin erwe of dele van erwe in dorpe, lokasies of soortgelyke gebiede geregistreer mag word;
- (j) die wyse waarop en vorm waarin die gegewens wat volgens regsvoorskrif aan die registrateur verstrek moet word, in die registrasiekantoor opgeteken moet word, en die wyse waarop en vorm waarin gegewens, wat die registrateur regtens aan die publiek mag verstrek, verstrek moet word en die wyse waarop en die vorm waarin die identiteit van persone vasgestel moet word;
- (k) die voorwaardes waarop transportbesorgers, landmeters en ander persone gegewens in die registrasiekantoor mag opspoor en die voorsorgmaatreëls wat getref moet word om die stukke teen beskadiging deur verkeerde hantering of andersins te vrywaar;
- (l) die insending van state van transportaktes, grondbriewe en titelsertifikate wat in die registrasiekantoor geregistreer is, deur die registrateur, aan 'n magistratuur of ander beampete en die wyse waarop, vorm waarin en tye wanneer daardie state ingestuur moet word;
- (m) die voorwaardes waarop kopieë van aktes en ander dokumente, wat in die registrasiekantoor geregistreer is, uitgereik mag word vir geregtelike gebruik of as informasie of ter vervanging van verlore, vernietigde, onleesbaar geworde of beskadigde aktes of ander dokumente en die voorwaardes waarop uittreksels uit registers of uit dokumente in die registrasiekantoor geregistreer of bewaar, verstrek mag word;

7. The registrar shall on conditions prescribed and upon payment of the prescribed fees, permit any member of the public to inspect the public registers and other public records in the registry, and to make copies of those records or extracts from those registers and to obtain such other information concerning deeds or other documents registered or filed in the registry as prior to the commencement of this Proclamation could, customarily, be made or obtained: Provided that no such fee shall be payable in respect of any search or inspection made in the deeds registry —

- (a) by a conveyancer or notary public in connection with any deed which he has been instructed to prepare, attest or lodge in such registry; or
- (b) by any surveyor in connection with any survey which he has been instructed to perform; or
- (c) by any sheriff or messenger of a magistrate's court, or his deputy, in connection with the exercise of his duties as such.

10. (1) The Administrator may make regulations prescribing —

- (b) the fees of office (if any) to be charged in respect of any act, matter or thing required or permitted to be done in or in relation to the deeds registry, including any report made to the court by the registrar in connection with any application or action to which he is not a party;
- (c) the fees and charges of conveyancers and notaries public in connection with the preparation, passing and registration of deeds or other documents registered or filed or intended for registration or filing in the deeds registry and the fees and charges of any other legal practitioners in connection with the preliminary work required for the purpose of any such deed or other document and the fees and charges in connection with the taxation of any such fees or charges;
- (d) the manner and form in which and the qualifications of the person by whom any deed or other document required or permitted to be lodged, registered or filed in the deeds registry shall be prepared, lodged, executed, registered, filed or delivered;
- (e) the manner and form in which endorsements or entries required by this Proclamation or any other law to be made on registered deeds or other documents or in the registers shall be made thereon or therein;
- (f) the particular documents which, when produced in the deeds registry, shall be attested or witnessed, and the manner in which any such document shall be attested or witnessed;
- (g) the districts or other areas within the Territory, which shall be adopted in numbering for the purposes of registration, the farms or other pieces of land situate therein;
- (h) the method according to which farms or other pieces of land in any such district or other area shall be numbered;
- (i) the manner and form in which erven or portions of erven in townships, locations or similar areas may be registered;
- (j) the manner and form in which information which is required by law to be furnished to the registrar shall be recorded in the deeds registry, the manner and form in which information permitted by law to be furnished by the registrar to the public shall be furnished and the manner and form in which the identity of persons shall be established;
- (k) the conditions upon which conveyancers, surveyors and other persons may conduct any search in the deeds registry, and the precautions which shall be taken to ensure preservation of the records from damage by improper handling or otherwise;
- (l) the transmission by the registrar of returns of deeds of transfer, deeds of grant, and certificates of title registered in the deeds registry to any magistrate or other officer, and the manner and form of, and times for transmitting such returns;
- (m) the conditions under which copies of deeds and other documents registered in the deeds registry may be issued for judicial purposes, or purposes of information or in substitution of deeds or other documents which have been lost, destroyed, defaced or damaged and the conditions under which extracts from registers or from any document registered or filed in the deeds registry may be furnished;

- (n) die wyse waarop en vorm waarin toestemming verleen moet word tot rojering, sessie, gedeeltelike afbetaling, vrystelling of wysiging van 'n verband of ander dokument wat in die registrasiekantoor geregistreer is, of tot 'n ander registreerbare regshandeling wat daarop betrekking het;
- (o) die voorwaardes waarop die registrateur 'n kopie van 'n prokurasie in plaas van die prokurasie self mag aanneem;
- (p) die vorm van die aktes wat in omstandighede waarvoor hierdie Proklamasie geen voorsiening maak nie, gebruik moet word;
- (q) die soort en vorm van die registers (wat losbladregisters mag wees) wat die registrateur moet open en hou, die besonderhede in 'n geregistreerde akte vervat wat in 'n aangegewe register ingeskryf moet word, die vorm waarin die besonderhede wat in 'n aangegewe register ingeskryf moet word, daarin ingeskryf moet word, die vorm waarin die folios van 'n aangegewe register opgestel moet word, die aantal folios wat in een band vervat moet word en die aard en kwaliteit van die omslae van die bande;
- (r) die wyse waarop en die vorm waarin die stukke in die registrasiekantoor bewaar, gebind moet word; en
- (s) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Proklamasie moet of kan voorskryf word en in die algemeen vir die meer doeltreffende uitvoering van die doeleindes en oogmerke van hierdie Proklamasie.
- (3) Regulasies kragtens hierdie Proklamasie uitgevaardig tree in werking op datums wat die Administrateur deun kennisgewing in die *Offisiële Koerant* moet vasstel.
- (4) By die uitvaardiging van 'n regulasie wat die fooie en kosteberekening van transportbesorgers in verband met die opstel en passeer van aktes voorskryf, kan die Administrateur afsonderlike fooie voorskryf vir die opstel en die passeer van aktes ingeval die aktes deur een transportbesorger opgestel en deur 'n ander passeer word.

HOOFSTUK II.

REGISTRASIE.

REGISTERS.

11. (1) Die Administrateur moet persone-, eiendoms- en ander registers voorskryf wat nodig is om gevolg te gee aan die bepalings van hierdie Proklamasie.
- (2) Die registrateur moet, benewens die registers wat hy volgens voorskryf van enige ander wet moet hou, so spoedig doenlik na die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie, die voorgeskrewe registers opstel, open en nou.
- (3) 'n Voorgeskrewe register waarin skulde deur verbande verseker ingeskryf word, word geag 'n voortsetting te wees van die skuldregisters voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie in die registrasiekantoor gehou, en inskrywings daarin gedaan het regtens dieselfde gevolg as wat hul sou gehad het indien hul in die genoemde skuldregisters gedoen was.
12. Totdat 'n voorgeskrewe register opgestel en geopen is, moet die registrateur voortgaan om die ooreenstemmende register wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie in die registrasiekantoor in gebruik was, te hou en soortgelyke aantekeninge daarin te maak as wat voor daardie inwerkingtreding volgens gebruik daarin gemaak is.

ALGEMENE BEPALINGS.

13. (1) Aktes wat deur die registrateur onderteken of geattesteer is, word geag geregistreer te wees wanneer die registrateur sy handtekening daarop sit: Met dien verstande dat een van 'n stel onderling afhanklike aktes wat bestem is om saam geregistreer te word, nie geag word geregistreer te wees nie, totdat alle aktes van die stel deur die registrateur onderteken is.
- (2) Indien die registrateur se handtekening per abuis nie op 'n akte gesit is op die tydstip toe die ondertekening in die gewone loop moes geskied nie, kan die registrateur sy handtekening daarop sit wanneer die verstuur ontdek word en dit word dan geag dat die akte op die voormelde eersgenoemde tydstip geregistreer is.
- (3) Dit word geag dat alle endossemente en inskrywings op titelbewyse of in registers in verband met die registrasie van akte deur die registrateur onderteken of geattesteer, gedoen is gelyktydig met die registrasie van daardie akte, hoewel hulle inderdaad daarna gedoen is.

CHAPTER II.

REGISTRATION.

REGISTERS.

11. (1) The Administrator shall prescribe such personal, property and other registers as may be necessary to carry out the provisions of this Proclamation.
- (2) In addition to such registers as he may be required by any other law to keep, the registrar shall as soon as may be after the commencement of this Proclamation, prepare, open and keep the prescribed registers.
- (3) Any prescribed register in which any debts secured by bonds are entered shall be deemed to be a continuation of the debt registers kept in the registry prior to the commencement of this Proclamation and any entries made therein shall have the same effect in law as they would have had if they had been made in the said debt registers.
12. Until such time as any prescribed register has been prepared and opened the registrar shall continue to keep the corresponding register in use in the registry immediately prior to the commencement of this Proclamation, and to make therein the like entries as were customarily made therein prior to such commencement.

GENERAL PROVISIONS.

13. (1) Deeds executed or attested by the registrar shall be deemed to be registered upon the affixing of the registrar's signature thereto: Provided that no such deed, which is one of a batch of interdependent deeds, intended for registration together, shall be deemed to be registered until all the deeds of the batch have been signed by the registrar.
- (2) If by inadvertence the registrar's signature has not been affixed to a deed at the time at which the signature should have been affixed in the ordinary course, the registrar may affix his signature thereto when the omission is discovered, and the deed shall thereupon be deemed to have been registered at the time first mentioned as aforesaid.
- (3) All endorsements or entries made on title deeds or in registers in connection with the registration of any deed executed or attested by the registrar shall be deemed to have been effected simultaneously with the registration of such deed, although in fact they may have been made subsequent thereto.

14. (1) Behalwe vir sover deur hierdie Proklamasie of 'n ander wet anders bepaal of deur die hof anders gelas word:—

(a) volg transporte van grond en sessies van saaklike regte daarop die volgorde van die agtereenvolgende regshandelings ingevolge welke hul uitgevoer word, en indien uitgevoer ingevolge uiterste wilsbesikking of intestaat erfopvolging volg hul die volgorde waarin die reg op eiendom of ander saaklike reg op die grond aan die persone wat agtereenvolgens met daardie reg bekleed is, toegeval het;

(b) is dit onwettig om by die opteken van 'n verandering in die eiendom van daardie grond of saaklike reg, in die registrasiekantoor, van bedoelde volgorde af te wyk: Met dien verstande dat:—

(i) indien die goed ooreenkomstig 'n testament of ingevolge intestaat erfopvolging van 'n oorlede persoon op sy afstammeling oorgegaan het, en een of ander van die afstammeling minderjarig en sonder 'n geldige testament oorlede is en geen eksekuteur in sy boedel aangestel is nie, transport of sessie van die goed wat op daardie afstammeling oorgegaan het, deur die eksekuteur van die boedel van die oorlede persoon regstreeks aan die erfgename *ab intestato* van die afstammeling gepasseer kan word;

(ii) indien die registrateur oortuig is dat die waarde van die onroerende goed wat ooreenkomstig 'n testament of ingevolge intestaat erfopvolging op 'n erfgenaam of legataris oorgegaan het, met die koste betrokke by die transport of sessie daarvan aan die erfgenaam of legataris sou gelykstaan of deur daardie koste oortref sou word, en die erfgenaam of legataris die goed verkoop het, transport of sessie daarvan deur die eksekuteur van die boedel van die oorlede persoon met skriftelike toestemming van die erfgenaam of legataris regstreeks aan die koper gepasseer kan word;

(iii) indien daar by die beredding van die boedel van 'n oorlede persoon 'n herverdeling van die onroerende goed in die boedel plaasvind tussen die erfgename van die oorledene of tussen daardie erfgename en die langsliewende eggenoot, die eksekuteur of beredderaar van die boedel die goed regstreeks aan die persone wat volgens die herverdeling daarop geregtig is, kan transporteer of sedgeer.

(2) By 'n transport of sessie ooreenkomstig 'n voorbehoudsbepaling in paragraaf (b) van subartikel (1), moet die hereregte en boedelbelasting betaal word wat betaalbaar sou gewees het as die betrokke goed aan elke persoon wat agtereenvolgens daarop geregtig geword het, getransporteer of gesedgeer was.

15. Behalwe vir sover 'n ander wet anders bepaal, mag die registrateur geen transportakte, verbandakte, titelsertifikaat of sertifikaat van registrasie van welke aard ook in hierdie Proklamasie vermeld, attesteer, onderteken of registreer nie, tensy dit opgestel is deur 'n transportbesorger wat praktiseer in die Gebied. So 'n transportbesorger of hy al dan nie ter plaatse van die registrasiekantoor praktiseer, kan die fooie en koste waarop hy geregtig mag wees ingevolge 'n regulasie uitgevaardig kragtens artikel *tien* verhaal.

16. Behalwe vir sover hierdie Proklamasie of 'n ander wet anders bepaal, kan die eiendom van grond of van 'n myngebied van een persoon op 'n ander oorgedra word alleen deur middel van 'n transportakte of 'n transportakte van 'n myngebied respektiewelik deur die registrateur onderteken of geattesteer en kan ander saaklike regte op grond van een persoon op 'n ander oorgedra word alleen deur middel van 'n akte van oordrag, deur 'n notaris geattesteer en deur die registrateur geregistreer.

17. (1) Alle deur of ten tehoewe of ten gunste van vrouens opgemaakte aktes wat deur die registrateur onderteken of geattesteer of deur 'n notaris geattesteer is en in die registrasiekantoor geregistreer moet word, moet in elke geval die volle naam en status van die betrokke vrou vermeld, naamlik of sy ongetroud, getroud, 'n weduwee of geskeie is, na gelang van die geval. As die vrou getroud is, moet die volle naam van haar man ook vermeld word, en as die huwelik beheers word deur die reg wat in die Unie of 'n deel daarvan of in die Gebied geld, moet vermeld word die huwelik in of buite gemeenskap van goedere aangegaan is. As die huwelik beheers word deur die reg van 'n ander land, moet vermeld word dat die huwelik deur die reg van daardie land beheers word.

14. (1) Save as otherwise provided in this Proclamation or in any other law or as directed by the court —

(a) transfers of land and cessions of real rights therein shall follow the sequence of the successive transactions in pursuance of which they are made, and if made in pursuance of testamentary disposition or intestate succession they shall follow the sequence in which the right to ownership or other real right in the land accrued to the persons successively becoming vested with such right;

(b) it shall not be lawful to depart from any such sequence in recording in the deeds registry any change in the ownership in such land or of such real right: Provided that —

(i) if the property has passed in terms of a will or through intestate succession from a deceased person to his descendants, and one or other of these descendants has died a minor and intestate and no executor has been appointed in his estate, transfer or cession of the property which has vested in that descendant may be passed by the executor in the estate of the deceased person direct to the heirs *ab intestato* of the descendant;

(ii) if the registrar is satisfied that the value of the immovable property which has vested in any heir or legatee in terms of a will or through intestate succession would be equalled or exceeded by the costs involved in transferring or ceding it to the heir or legatee, and the heir or legatee has sold the property, transfer or cession thereof may, with the consent in writing of the heir or legatee, be passed by the executor in the estate of the deceased person direct to the purchaser;

(iii) if in the administration of the estate of a deceased person any redistribution of the immovable property in such estate takes place among the heirs of the deceased or between such heirs and the surviving spouse, the executor or administrator of such estate may transfer or cede the property direct to the persons entitled thereto in terms of such redistribution.

(2) In any transfer or cession in terms of any proviso to paragraph (b) of sub-section (1) there shall be paid the transfer duty and estate duty which would have been payable had the property concerned been transferred or ceded to each person successively becoming entitled thereto.

15. Save as is otherwise provided in any other law, no deed of transfer, mortgage bond or certificate of title or registration of any kind mentioned in this Proclamation shall be attested, executed or registered by the registrar unless it has been prepared by a conveyancer practising within the Territory. Such conveyancer, whether or not he practises at the seat of the registry, may recover the fees and charges to which he may be entitled in accordance with any regulation made under section *ten*.

16. Save as otherwise provided in this Proclamation or in any other law the ownership of land or of a mining area may be conveyed from one person to another only by means of a deed of transfer or deed of transfer of mining area respectively, executed or attested by the registrar, and other real rights in land may be conveyed from one person to another only by means of a deed of cession attested by a notary public and registered by the registrar.

17. (1) All deeds executed or attested by the registrar, or attested by a notary public and required to be registered in the deeds registry, and made by or on behalf of or in favour of women, shall in each case disclose the full name and status of the woman concerned, whether unmarried, married, widowed, or divorced, as the case may be. If the woman is married the full name of her husband shall also be disclosed, and if the marriage is governed by the law in force in the Union or any part thereof or in the Territory, it shall be stated whether the marriage was contracted with or without community of property. If the marriage is governed by the law of any other country it shall be stated that the marriage is governed by the law of that country.

(2) 'n Vrou wat buiten gemeenskap van goedere getroued is, moet deur haar man bygestaan word by die ondertekening van enige akte of ander dokument wat in die registrasiekantoor geregistreer moet of kan word of wat vertoon moet word of kan word in verband met so 'n akte of dokument, tensy die maritale mag uitgesluit is of tensy die registrateur die bystand van die man om ander redes onnodig ag.

(3) Onroerende goed mag nie aan 'n vrou, wat in gemeenskap van goedere getroued is, getranspoteer of oorgedra word nie, behalwe wanneer daardie goed volgens wet of volgens 'n voorwaarde van 'n bemaking of skenking daarvan, van die gemeenskap en die maritale mag uitgesluit is.

(4) Indien onroerende goed, wat nie van die gemeenskap uitgesluit is nie, by die inwerkingtrekking van hierdie Proklamasie op naam van 'n vrou wat in gemeenskap van goedere wat nog voortbestaan getroued is, geregistreer is, kan haar man met wie sy aldus getroued is, tensy sy deur 'n bevel van die hof gemagtig is om daarmee te handel, alleen met daardie goed handel.

